

**SOLIDARITEIT ONDERWYSBERAAD**  
**TOESPRAAK**

<b>DATUM:</b>	31 Augustus 2016
<b>ONDERWERP:</b>	Ontleding van die Uitspraak: <i>Fedsas v MEC Education Gauteng</i>
<b>SPREKER:</b>	WG Human

---

**31 AUGUSTUS 2016**

**Inleidende opmerkings:**

1. Vriende, welkom en dankie vir u bywoning vandag.
2. In 'n onsekere tyd oor die toekoms van Afrikaans en die magte van beheerliggame in openbare skole, is dit bemoedigend om te kan sien dat daar soveel van u is wat die erns van die saak beseef en bereid is om 'n stryd aan te voer, in die belang van ons kinders en die volhoubare voortsetting van Afrikaanse onderrig.
3. Ek vertrou dat u vandag meer ingelig en bemoedig sal wees vir die stryd wat voorlê en dat u weet u het 'n bondgenoot in al die organisasies wat vandag hier teenwoordig is.
4. Ek gaan met u 'n perspektief deel van die sogenaamde Lesufi-uitspraak, wat op 20 Mei 2016 deur die Konstitusionele Hof gelewer was. Die oogmerk van vandag is dus om ten volle te verstaan wat die uitspraak beteken, die implikasies wat dit inhou en wat ons te doen staan om die uitdagings aan te spreek.
5. Alvorens ek in meer besonderhede in die uitspraak in delg, gaan ek poog om die konteks waarbinne die uitspraak gelewer was te vertolk, en dan 'n opgesomde weergawe van die kontensies van FEDSAS aan die eenkant, die LUR aan die ander, en laastens die Konstitusionelehof se hantering van die punte.
6. Dan gaan ek poog om voorstelle te gee oor hoe beheerliggame hierdie uitdagings kan hanteer.
7. Die spreker na my is mnr. Paul Colditz, 'n persoon wat u goed sal ken en wat reeds diep spore getrap het in die ontwikkeling van ons Onderwysreg, en 'n persoon wat aan die hoof staan van

FEDSAS, wat 'n toonaangewende en leidende rol in onderwys in Suid-Afrika speel, en spesifiek die beskerming van die magte van beheerliggame, wat FEDSAS se kern mandaat is.

### **Kontekstuele Uiteensetting van die Lesufi-Uitspraak:**

8. Na die uitspraak wat gelewer was op 20 Mei 2016 was dit vir my opmerklik dat daar na die uitspraak verwys was as die “*Lesufi-uitspraak*”. Dit is tog eienaardig dat 'n uitspraak verwys na die naam van 'n betrokke LUR. Daar was oor die afgelope 20 jaar talle uitsprake gewees wat gehandel het oor die magte van die Staat, teenoor die magte van beheerliggame. Maar daar was nog nie 'n uitspraak wat gekenmerk was aan die naam van 'n betrokke LUR nie. Dit is eienaardig en dit getuig daarvan dat Lesufi ongetwyfeld 'n baie aktiewe rolspeler is wat betref die staatsidee oor hoe skole behoort te funksioneer.
9. Hy skroom nie om sy politieke idee op die openbare platform te deel nie, en sou jy nie konformeer en instem met sy siening oor die samestelling van skole nie, word jy summier uitgekryt as 'n rassis, iemand wat *white-privelege* wil beskerm, dat jy nie omgee oor ander leerders nie, ensomeer. Die ironie is dat ons openbare skole juis daarop ingestel is op die vestiging van sterk gemeenskappe, en waar openbare skole 'n ongelooflike werk doen om hul omliggende gemeenskappe te dien. Wat meer kan verwag word? Die uitnemende werk word nie raakgesien nie, en ook geen erkenning gegee nie.
10. Dit sal my meer as die toegelate 20 minute neem om al Lesufi se uitsprake te lys, maar ek vertrou dat u wel daarvan kennis dra.
11. In die bestuur van 'n skool sou u uself dikwels afvra, wanneer u met die departement te make het:
  - 11.1. Maar, die Grondwet, die Skolewet en relevante regulasies maak dit tog moontlik vir ons, as 'n beheerliggaam, om 'n toelatingsbeleid aan te neem. Ons doen dit tog binne die wetsraamwerke?
  - 11.2. Maar, die Grondwet en die Skolewet maak dit tog moontlik vir ons om enkelmedium instellings te kan bestuur?
  - 11.3. Ons eise en die posisie wat ons inneem is tog redelik, dit is nie ingrypend nie en dit is met ag geneem van alle relevante faktore.
  - 11.4. Maar wat van die finansiële volhoubaarheid van die skool?
  - 11.5. Wat van die vraag oor kwaliteit onderrig vir ons leerders?

11.6. Ensomeer.

12. En as u die tipe vrae aan die departement rig, word u dikwels ondermyn, u word gesystap, skoolhoofde, personeellede, beheerliggaamslede word aggressief hanteer en in sekere gevalle, selfs gedreig.
13. Ekself in my ervaring met skole, het al die bogenoemde al beleef in die sake wat ons hanteer.
14. Die rede hiervoor wil ek vir u sê, is dat die Grondwet, die Skolewet en die gepaardgaande regulasies ondergeskik staan teenoor die ideologiese dryf van die staat, en dit is om die staat se magte en die staat se invloed uit te brei tot gemeenskappe en op skole af te dwing. In 'n land wat 'n konstitusionele demokrasie is, is dit geheel en al onaanvaarbaar.
15. Vriende, dit mag drasties klink, dit mag vir u vergesog klink, dalk oordryf, maar dit is waar. Daar is genoeg gevalle, sake voor hof waar hierdie punte uitgewys word.
16. En dit is die konteks waarbinne hierdie gebeure afspeel en die momentum aan die idee is aan die groei en dit is nie net ons openbare skole nie, maar ook ons universiteite. U sal bewus wees van talle hofsake wat tans gevoer word teen Universiteite waar besluite dat Afrikaans nie 'n plek het by die instellings nie en dat ons taal as 't ware onherstelbaar gekontamineer is. Daarom moet ons die kwessie van ons skole en ons universiteite ewe belangrik ag en met ewe erns aanveg.
17. Net om verder uit te brei oor die laaste punt: Die regulasies wat ter sprake was in die hofsake is al in 2012 gepubliseer. Die omgewing vandag veel meer ongunstig om 'n saak vir die voorbehoud van Afrikaans in skole te maak as wat dit was in 2012. Daarmee saam, om 'n saak te maak vir die beskerming van beheerliggame.
18. Ons is ongetwyfeld in 'n bepaalde tyd oor die toekoms van ons skole en universiteite.
19. Mens kan nog veel verder gaan om die ideologiese invloed van die staat te analiseer en verder uit te brei, maar vir doeleindes van vandag en die toegelate tyd, kan dit, die beskrywing hierbo, as genoegsaam geag word om u 'n idee te gee van die konteks waarbinne die uitspraak gelewer was.

### **Bondige Analise oor die Kontensies in die Lesufi-Uitspraak**

20. 'n Kort agtergrond oor die regulasies wat die onderwerp was van die litigasie in die uitspraak wat ons tans bespreek:

- 20.1. In 2012 was daar regulasies gepubliseer met betrekking tot die toelating van leerders in openbare skole. Die sentrale punt wat deur Fedsas uitgedaag was, is dat die regulasies nie strook met die Suid-Afrikaanse Skolewet en die toepaslike provinsiale wetgewing nie en dit was FEDSAS se posisie dat sekere regulasies irrasioneel en onredelik is, en daarvoor hersienbaar voor 'n hof. FEDSAS het geslaag in die hof van die eerste instansie waarna die Staat Appèl aangeteken het by die Hoogste Hof van Appèl.
- 20.2. Verlof om te appelleer is wel in die Hoogste Hof van Appèl toegestaan, maar jare het verbygegaan en het die staat nie betyds 'n rekord geliasseer nie, wat nodig was om die uitspraak in FEDSAS se guns aan te veg. Na 'n lang vertraging het die staat wel 'n aansoek gedoen om kondonasië, dit is 'n vergunning om tog voort te gaan ondanks die feit dat hulle verskriklik laat was met die liasering van die nodige rekord, en die kondonasië aansoek was toegestaan. Die saak was in die Hoogste Hof van Appèl aangehoor, waar FEDSAS ongelukkig onsuksesvol was in die saak, en daarvoor is dit FEDSAS wat geappelleer het na die Konstitusionele Hof.
- 20.3. Die spesifieke punte wat aangeveg was, gaan ek kortliks opsom sodat u kennis dra van die kernpunte:
- 20.3.1. Regulasie 3(7): Die regulasie handel oor wanneer 'n leerder vir toelating aansoek doen en dat die leerder nie gevra mag word oor “vertroulike inligting” met betrekking tot sy toelating nie.
- 20.3.2. FEDSAS se posisie was gewees dat daar wel ruimte is om regverdig te diskrimineer teen leerders wanneer daar gevalle mag wees wanneer dit relevant is. U kan uself indink, daar mag inligting wees van 'n leerder wat doodeenvoudig nie in die skool se belang is om die leerder toe te laat nie. FEDSAS het aangevoer dat hierdie bepaling verskriklik vaag is. Vertroulike inligting word byvoorbeeld nie gedefinieer nie: wat sal geag vertroulik en wat sal geag nie vertroulik te wees nie. En daarvoor kan hierdie as 'n regulasie nie bestaan nie, omrede dit nie moontlik is vir skole om te kan onderskei wat is vertroulik en wat is nie vertroulik nie.
- 20.3.3. Die Konstitusionele Hof het ten gunste van die staat bevind en gesê daar mag 'n moontlikheid wees dat daar teen leerders gediskrimineer mag word en daarvoor is dit genoeg gronde om nie hierdie punt van

kontensie van FEDSAS aan te neem nie. Die Konstitusionele Hof het gevolglik hbevind dat die bepaling rasioneel is.

- 20.3.4. Regulasie 4(1) en regulasie 4(2): Hierdie punt is van belang en handel oor die vestiging van voedingzones. Die LUR ingevolge hierdie bepaling kan voedingzones vir skole bepaal deur middel van konsultasie met belanghebbendes. Maar, totdat die voedingszones bepaal word, geld die bepaling dat jy aansoek kan doen na 'n skool wat naaste aan jou woon- of werkplek is en in alle gevalle wanneer jou verblyf- of werksadres binne 5km radius van 'n skool is.
- 20.3.5. FEDSAS se punt was dat die LUR moet voedingszones bepaal en dat mens nie op hierdie verstek bepaling kan rus om te sê dat daar outomaties 'n 5 km reël onbepaald moet geld nie. Die Konstitusionele Hof het egter op hierdie punt FEDSAS gelyk gegee en bevind dat die Staat met skole moet konsulteer vir doeleindes van die vestiging van voedingszones. Dit is nou al meer as drie maande sedert die uitspraak. Ek is nie seker of daar al enige skole is wat wel al genader was hiervoor nie, en die hof het bevind dat dit binne 'n redelike tyd gewees, maar in alle gevalle nie na 12 maande van die datum van die hofbevel nie.
- 20.3.6. Regulasie 5(8) saamgelees met Regulasie 8: Hierdie is waarskynlik die belangrikste gedeelte en die gedeelte wat skole met rede tot groot kommer laat. Dit handel oor die plasing van ongeplaasde leerders. Net om die posisie en die agtergrond hieroor saam te vat, skole is by magte volgens artikel 5(5) van die Skolewet, om 'n toelatingsbeleid op te stel. Leerders doen aansoek en die skole sal waglyste opstel wat aandui watter applikante volgens die skool se toelatingsbeleid, suksesvol of onsuksesvol is. Gevolglik sal die A-lys applikante wees wat voldoen aan die toelatingsbeleid. Die waglys "B" is die lys waar onsuksesvolle applikante aangedui word. U kan besef die nodigheid van so bepaling, want 'n skool kan letterlik nie almal wat aansoek doen, toelaat by die skool nie. Die departement sal dan die lyste afteken en die skole mag dan vir die ouers in kennis stel dat hulle aansoek suksesvol of nie. So ongetwyfeld gaan jy leerders hê wat suksesvol was en ouers wat in kennis gestel word, en leerders wat onsuksesvol was. Hierdie bepaling spreek die gedeelte aan oor onsuksesvolle leerders.

Nou Regulasie 5(8) bepaal dat ten spyte van 'n skool se toelatingsbeleid en geval waar leerders nie geplaas was by 'n skool nie, dat die distrik direkteur 'n leerder mag plaas by 'n skool wat nie "vol" verklaar is, soos bedoel in Regulasie 8, nie. Regulasie 8, aan die ander hand, handel oor omstandighede wanneer 'n skool vol verklaar kan word. Normaalweg, weet die beheerliggaam as die bestuursliggaam van die skool wat in die beste belang van die skool is, op watter kapasiteit die skool kan werk om kwaliteit onderrig te gee, wat in die beste belang van die leerders is.

Dit setel nie meer daar nie, nou kan die staat bepaal wanneer die skool vol is en wanneer nie. Al kwalifikasie wat die departement wel het, is dat daardie sogenaamde *Objective Entry Level Learner Enrollment Capacity* toegepas moet word. Ek sal aan die einde weer hierna terugkom om dit bietjie meer te verduidelik.

Dus, as die skool nie volgens die staat vol verklaar is nie, kan die Beheerliggaam gesystap word en leerders kan geplaas word. Vriende, dit is ingrypend en dit mag ongetwyfeld wesenlike gevolge vir 'n skool inhou.

FEDSAS se posisie is dat die bepaling irrasioneel is en dit was beklemtoon gewees in dat dit nie strook met artikel 5 van die Skolewet nie.

Die Konstitusionele Hof het vinnig tot by die kern gesny en gesê dat hierdie bepaling rasonneel en redelik is, en strook met die LUR se pligte om leerders op die ou einde te plaas.

20.3.7. Regulasie 11(5) en Regulasie 16: Hierdie regulasies was aangeval deur FEDSAS en kortliks oor, aan die een kant, Regulasie 11(5), die oordrag van leerders na een skool vanaf 'n ander en Regulasie 16, oor die Appèlproses wat aangeteken kan word wanneer jy nie tevrede is met die uitslag van 'n plasingproses nie. Hierdie bepalings is nie ingrypend as Regulasie 5(8) en 8 nie.

20.4. Soos genoem is die belangrikste regulasie, Regulasie 5 saamgelees met Regulasie 8. Die *objective entry level capacity* waarna vroeër verwys is, en wat die staat, 'n baie dun kwalifikasie het waaraan hulle moet voldoen:

20.4.1. *(Die Regulasies is nie in Afrikaans beskikbaar nie so ek gaan vrylik vertaal)*

The *Objective Entry Enrollment Capacity* beteken die optrede of besluit van 'n amptenaar, om leerders toe te laat tot 'n skoolprogram, waar die program die maksimum leerders van 'n skool kan akkommodeer, en waar verskeie faktore in ag geneem word, wat insluit die hoeveelheid leerders in 'n klaskamer en/of fasiliteite, soos deur die hoof van die departement vasgestel, en verder inaggeneem die beskikbaarheid van klaskamers, onderwysers, en hulpbronne wat noodsaaklik is vir onderrig en leer, saam met beskikbare staatshulpbronne en laastens die behoefte van die leerder om basiese onderrig te ontvang.

- 20.5. U mag dalk sê dat hierdie faktore nie vir u nuut klink nie, aangesien u ervaring is dat u in die verlede wel die Departement attent gemaak het op die genoemde faktore, waarom verdere leerders nie akkommodeer kan word nie. In heelwat gevalle het die Departement die inligting doodeenvoudig ignoreer. Ek het te make gehad met 'n skool in Gauteng waar hulle 'n baie goed bewoorde en gemotiveerde brief geskryf het, en gesê het dat hulle nie meer leerders kan aanvaar nie, en verder dat hulle nie oor die nodige hulpbronne beskik nie. Daar is onderwysers sonder klaskamers, waar hul inpersoneelkamers moet werk en die Departement se reaksie is "*julle is onderwysers, julle moet dit kan hanteer*".

Hierdie is 'n gevaarlike bepaling wat beheerliggame sistap kan word, en dat die skool absoluut geen insae kan hê nie.

### **Gevolgtrekking**

- 20.6. Vriende, hoe kan ons onself toerus om hierdie nuwe verwikkelinge stop te sit, of ten minste te beperk?
- 20.7. Op die stadium, soos baie van ons gevegte, is nie 'n klinkklare antwoorde nie, en verder heers daar 'n onsekerheid oor wat om te verwag .
- 20.8. Mens kan van 'n meer algemene posisie die saak benader, deur uself toe te rus oor die moontlike gevolge vir u skool. Die feit dat u vandag hier is, is reeds 'n stap in daardie rigting.
- 20.9. Ek sal u aanmoedig, hou aan met beheerliggaam vergaderings waar hierdie punt aanhoudend bespreek word. Skakel met ander skole om hulle advies te kry oor hoe hulle hierdie uitdagings hanteer, skakel met liggame soos FEDSAS, met Solidariteit, met die Suid-Afrikaanse Onderwysunie, om u self so bes doenlik toe te rus.

20.10. Op 'n meer regstegniese punt, besef ook wat beteken die uitspraak wel en wat beteken die uitspraak nie.

20.11. Die implikasies van 'n regstegniese punt, wat ek nou sal kwalifiseer, is dat die eerste rondte van toelatings nog dieselfde bly. Met ander woorde, die skool kan waglyste opstel, waglys A en B, die Departement moet kennis gee van watter lyste afgeteken is, en ouers moet ingelig word.

20.12. Op hierdie rondte, kan hierdie Regulasie 5(8) en 8 nie implementeer word nie. Die remedie vir 'n ouer wat oor 'n plasing ongelukkig is, is dat hulle appèl kan inteken soos wat in Regulasie 16 bedoel is. Dit kan nie oorgestaan word nie, en ons is in die dringende hof hieroor komende Dinsdag oor die Departement wat nie 'n besluit neem oor die waglyste wat ingedien word nie.

21. Wanneer die tweede rondte wel werking tree, is wanneer daar ongeplaasde leerders. Dit is die ruimte wat hierdie regulasie skep vir die staat om dan die beheerliggaam se toelatingsbeleid en die skool se beste belange, te sistap en verontagsaam. Maar ook soos genoem, dit is nie sonder kwalifikasie, alhoewel die kwalifikasie dun is.

21.1. Wanneer u skool op hierdie vlak 'n aanslag ervaar, gaan daar dadelik aan die staat gevra kan word hoe hulle hierdie faktore genoem oor die *Objective Learner Capacity* bevredig het? En wanneer dit gebeur, is wanneer ons op 'n punt kom, waar daar moontlike litigasie mag wees, en ogetwyfeld gaan daar 'n geveg hieroor wees in die toekoms.

21.2. So, wanneer u gekonfronteer word met die bepaling, moet u weet dat u nie alleen in die geveg is nie. U het vele bondgenote wat u sal bystaan.

21.3. Wat u deurgaans ingedagte moet hou, soos genoem, ons bly bewus van die bepalings oor dat die Departement nie sonder rede die Beheerliggaam kan sistap nie, soos in Regulasie 5 en 8 ontwerp is, maar wat nie uit die oog moet verloor moet word nie, is dat die staatsideologie en staatsidee by amptenare wat die wet moet toepas, voorrang geniet.

21.4. Ons kan in veel meer diepte hierin ingaan, maar wat ek vandag wou bereik is om vir u bloot 'n perspektief te gee oor hoe die uitspraak, wat die staat die kan ennie kan doen nie, en hoe u uself bes kan posisioneer.

In kort, die beste wyse om die aanslag aan te veg, is die besef dat ons moet saamstaan en wanneer die gevegte kom vir een skool, moet ons verstaan dit is nie net 'n skool in isolasie nie, dit is vir al ons skole tesame.

21.5. Dankie dat u bygewoon het en dankie dat u geluister het.